

hy soms daar weer 'n tweede dood ingaan, om sy baas siek lê of skapies oppas of by 'n buurman swoeg en sweet vir 'n stukkie kos vir vrou en kind, en dus nie sy ou donkie kan gaan loskoop nie. Dis dinge wat ek en my ou donkies al saam deurgemaak het: Dan dié soort werk, dan daardie soort; dan soet, dan suur; dan volop lewe, dan dermskree.

„En dit sê ek vir jou, ou boet, as jy en jou ou donkie dan die dag eers deur soveel dik en dun en swaar en lekker en gal en suiker gegaan het, dan ken jy jou donkie—dan ken jy hom; en dan weet jy dat jou ou donkie in sy ou liggaam meer goeie dinge en beduiwelde nukke en deugde deurmekaar dra as wat jy ooit kon droom. Maar nou kom ek eers by die eintlike punt”

„Ag, verskoon my tog eers, oompie Martiens,” val ek die ou hier in die rede, „dat ek eers gou my ou boklammetjies in die kraal kan gaan ja.” Want ek het my darem te doodvererg toe ek hoor dat hy nou eers by „die eintlike punt” kom. Ek het maar moes 'n plan maak om hom te ontvlug. Hy het my dus uit my eie huis uit geja met sy vervelige storie. Daarom het ek mos by die begin gesê, moenie vir ou Martiens kans gee om eerste oor 'n onderwerp—watter soort ook al—te praat nie. Jy sal vir jou kul.

VII.

SKAAPWAGTERHUUR IN BOESMAN-
LAND.

Die vandiesie is net afgeloop, en die mense begin al uitmekaar te stap.

'n Trekker, wat van onder sy hoed se bol tot op sy velskoensool somarso maklik oor die ses voet haal en gekleed is in 'n gestreepte drillingsbaadjie, wat darem sonder korswel te kort is, en 'n wit, sonverbleikte ferweelbroek, wat vierkantige lappe van regtig onpaslike donkerbruin goed op elke knie het, staan nog egter doodbedoord uit 'n ou groot kromsteelpyp te suie en af en toe op 'n sekere ander persoon te loer. En hierdie ander persoon begin nou ook al so half nuuskierig terug te loer. Ná nog 'n rukkie van weersydse beloering roep die man met die kromsteelpyp vraend uit: „Maar kyk dan, jy sê tog nie dat dit jy is nie, ou neef Koos?”

„Maar ek sê dis ek,” antwoord die ander, „want dit is mos ek. Maar wie is neef, wat ek al so ampertjies ken en darem maar nie kan naam gee nie?”

„Maar hoor dan tog nou,” word hierdie laaste vraag beantwoord, „ek is dan Klein Klaas, die oudste seun van oorlede ou Groot Klaas, wat hulle sê ou Klaas Olraait.”

„O-o-o ja-a-a,” roep „neef Koos” nou langsaam uit en kom nader om te groet. „Ja-a-a,”

herhaal hy so groet-groet, „nou ken ek jou; dis mos jy en jou oorlede pape wat in die groot droëntyd, voor die runderpes, by my 'n nag op onderste Tandverdriet geslaap het, toe julle op pad was om broodkossies daar gunter in Outniekwasland te gaan soek, en toe my arme ou kindertjies geworstel het met die ska'lakenekoors. Weet jy daarvan nog?”

Klein Klaas Olraait skud sy kop toestemmend en herhaal: „Ek weet, ek weet, ek we-e-et;” en vra toe: „Waar is neef Koos se werf deuse dae, en hoe gaan dit tog nog?”

„O, man,” antwoord neef Koos met 'n sug, „ek staan op Broekskeur, en dit gaan sleg, toing-rig. Jy moet weet, my perde staan op Grootsug in die skut; ek is gedagvaar—ek, wat nog nooit voor die hof was nie—om getuienis af te lê teen outa Krools Joebejai, wat 'n oorloper-afrikanerhamel van die ou uitlander, ou Wieljam Mekkriker, geslag het; my ou besies vrek aan vuursiekbos wat hulle in Halsoorkop se laagte gevreet het; my ou skaapwagter het weggeloo, en nou kan ek sê, my hande is afgesny; en daarom het ek na die vandiesie gekom om by wit of swart hulp te soek.”

Medelydend skud Olraait die kop en sê swaar-moedig: „O, dis treurig, tre-e-urig. Maar kom ons gaan na daardie Hottentotsmark” (hy wys na 'n paar pondokke)—„miskien kry ons daar vir ou neef 'n skaapwagter te huur.”

„Praat so,” sê neef Koos aangemoedig.

Ondermekaar word egter eers twee tabaksakke verwissel om 'n tamaai kromsteelpyp en 'n ou nog groter kalbasyp te stop; en toe begewe die twee ou neefs hulle na die „mark,” waar hulle

'n sekere pondok uitkies omdat daar 'n heel paar Hottentotte om 'n groot pappot sit en eet.

„Middag, outas,” groet die ou neefs; en toe begin ou neef Koos somar: „Ai, outas, ek is 'n baie wagterverleë man; maar ek is darem ook 'n baie goeie wagterbetaler. Nou, sal een van julle hom dan nie aan my kan verhuur nie—al was dit ook net vir 'n tydjie?”

Die houtpapepels hang nou 'n oomblikkie stil in die Hottentotshande, onderwyl die tatas mekaar, sonder 'n woord, half onnosel, half vraend aankyk.

Eensklaps en onverwags kom 'n parmantige stem uit 'n pondokkie naasaan: „O nee, maasters, dis my gehuurde boys daardie.” En by hierdie woorde peul daar uit die pondokkie 'n dik omkrullip-Kaffer met 'n blou tweedse keppie agter op die kop, 'n wit harde boordjie en bloedrooi strikdas styf om 'n nog stywer nek, 'n grys sportbaadjie en liggeel flenneletse noupypbroek om die swart bas, 'n paar rooi-geverfde en met gaatjies uitgeblomde skoene met skewe Amerikaanse neuse, en 'n oorgeblaasde seërling om die middelvinger van die regterhand, wat 'n blink wandelstok met 'n swart-witkop so in sirkels deur die lug woer-woer.

Vererg en geskok roep die twee ou neefs uit: „Magtig ja!”

En toe vra neef Koos spottend: „Jy is natuurlik luitnant-kopraal van die Oossuid-veldtog?”

Op sy dooie gemak haak die Kaffer sy duime eers aan sy broeksakke, trek sy kop so stadigies agteroor met half-geslote oë en antwoord toe: „Haaitsa, ek nie kopraal nie: ek glad annerster man; my tender, hy's aangeneem om daardie

watvoor te maak; en hiersô, my boys, hulle moet dit maak; en hiersô, ekke (hy slaan op sy bors) is hulle se voormanbaas."

„Kom, neef Koos, kom," sê Olraait vuurwarm, „kom, hier is nie vir 'n witman geselskap nie."

„Ja, kom," stem neef Koos in, „of ek begaan 'n moord."

Sonder om verder te praat, stap hulle na 'n ander pondok, daar heel opsy, waar 'n ou skepsel—half Boesman, half Hottentot—sit en velskoelap.

Daar gekom, begin neef Koos weer geduldig sy verleentheid om 'n skaapwagter duidelik maak; maar hy was nog nie mooi klaar nie, of die ou skepsel raak so binnensmonds aan lag en vra: „Ai, my jinnagie, was baasgoed nie daar by die Abel-Jode se winkel nie?"

„By die Abel-Jode se winkel, outa!" roep die ou neefs tegelyk uit.

„Ja, alte sekerlik, my baasgoed, by die Abel-Jode se winkel," sê die ou skepsel.

„Nee," roep die ou neefs weer saam uit, en vra ook saam: „En wat moet ons daar gaan maak?"

„My biljette is daar aangeplak, baasgoed," is die antwoord.

„Biljette, outa!" (Weer tegelyk en verbaas.) „Wat se biljette?"

„Aa-hee," lag die skepsel, gooi sy bene oormekaar, vou sy hande om sy boonste knie en sê: „Aja, pasop 'n bietjie, op die biljette staan mos dat ek, wat Houtkop Koëlman is, ál my diere gaan verkoop om ek nie vir hulle 'n wagter kan kry nie."

„Kom, neef Koos, kom,” sê neef Olraait, alweer erg verbitterd. En terwyl neef Koos ook weer instem, „Ja, kom,” vra hy darem nog terug oor sy skouer: „En hoeveel diere besit jy nogal, jou ou . . .” (Hy kon nie met 'n woord na sy sin uitkom nie.)

„Vyf bokke en 'n vaalwitpens-donkiemerrie,” skree die ou skepsel agterna. „Wel baasgoed det dalkies koop?”

„Hoor so 'n kroeskop-plooielik, so 'n ou . . .” (Neef Koos kan maar weer nie 'n woord kry nie.)

Stilswyend waag die twee ou neefs dit om nog 'n maal 'n ander pondok te besoek.

By hierdie armoedige hutjie lê 'n Hottentot en 'n meid langs 'n smeulende vuurtjie te slaap en snork, asof hulle hierin met mekaar op lewe en dood wedywer, terwyl op 'n paar tree 'n boel kleingoed woos lawaai en kattermaai.

„Outa, outata-a-a!” roep neef Koos. Maar nee, outa snork.

„Woeps, woeps,” laat dreun neef Olraait nou sy haakkierie teen die pondokpaaltjies en skree: „Hiersó, haait, hetsee, outa-a-a—ha!”

Verwild spring meid en Hottentot nou op, maar sak oombliklik weer magteloos half oormekaar op die grond neer.

'n Onaangename suur ruik begin nou die lug te verpes; en—ja, daar sien die twee ou neefs dat die meid 'n groot heuningbierpot, wat in goiinglappe toegedraai was, omgeskop het. 'n Vies, stinkende geel stroompie vloeistof kruip sissend in die smeulende vuurtjie, en asstof en blou rook trek warrelend rond en bedek twee paksak-skepsels.

Van teleurstelling staan die ou neefs glad besluiteloos, tjoepstil. 'n Versotte deurmekaar gebrom en gesteun kom uit meidemon, en opeens begin die bewustelose Hottentot:—

„Hiert, Danstergoed, keer my meisie daar! . . .
 Keer, keer, keer,
 Of sy gly
 Soos slang verby . . . au . . . hoe-soe!
 Keer, keer, ou matie,
 Keer vir Katie . . . dek-sels-kend!”

en krampagtig gryp hy die bierdeurweekte goiing-lappe.

'n Groot kromsteelpyp en 'n nog groter kalbas-pyp word ook krampagtig vasgebyt, winkbroue word lelik kwaai vertrek en: „Kom, kom!”— „Ja kom!” klink dit bitsig oor en weer.

'n Hottentotsklonkje, van nie ouer as twaalf jaar nie, kom van die spelende kleingood aangedraf; sy ogies blink smekend, sy maer handjie beweeg skaam-skaam bewerig vorentoe. 'n Mondjie gaan oop en toe, oop en toe sonder 'n woord. Gestuit in hulle vaart, staan die twee ou neefs met erg verwonderde blikke op die klonkie te staar.

Teleurgesteld word die maer handjie teruggetrek en op 'n hol magie vasgedruk, terwyl 'n uitgeteerde liggaampie vooroor buk, en—'n egte beeldjie van die knaende honger is vir die twee ou neefs duidelik sigbaar.

'n Fyn huilerige stemmetjie word nou hoorbaar: „Tagoed daar”—en 'n vingertjie wys na die stinkende pondok—„het nie vir ons kossies nie . . . net . . . net bier—biertjies-water.”

„Vat,” sê neef Olraait, en „Dé,” sê neef Koos; en elkeen reik die klonkie 'n sikspens. „Loop nou,” vervolg neef Koos weer, „loop koop vir julle, kleingoed, daar by die Abel-Jode meeltjies vir pap; maar kyk hiersò, julle bars as julle vir daardie ,tagoed' van julle iets meedeel. Hulle moet” (hy knyp met sy hand in die lug), „hulle moet v-v—vrek!”

„Ja vrék!” herhaal neef Olraait met groot nadruk. Die klonkie gly oor die aarde somarso dwarsdeur die kleingoed, wat hom lag-lag en skree-skree agtervolg, Abel-Jode-toe; en die twee ou neefs meet lang treë af in glad 'n ander rigting.

Ná 'n heel ruk van stilsweye begin neef Koos: „En ek het nogal gedink om op hierdie vandiesieplek geholpe te word.”

„Ja—ha,” antwoord neef Olraait met 'n stamp. „Maar kom ons gaan probeer daar onder by die baster, ou Andries Hartseer; sover ek weet, het hy ook nie 'n baas nie.”

Daar gekom, sê neef Koos: „Kyk, ou Hartseertjie, ek kom jou om hulp vra, en jy moenie nee sê nie.”

Ou Hartseer, 'n bejaarde oujong met 'n ou lang liggaam van pure vel, been, kneukels en senings, met 'n plat, maar diepholwanggesig en skeurtjiesoë en net twee kroeskorreltjies op elke hoek van 'n stomp deurgroefde ken, kyk vir neef Koos ernstig aan, slaan met sy linkerhand in die regter en herhaal: „Moenie nee sê nie, my baas?”

„Ja,” antwoord neef Koos; „en jy moet jou aan my verhuur vir 'n skaapwagter.”

„Vir 'n skaapwagter, die's waar,” laat Hartseer volg.

„Ja, en wat sê jy nou?” vra neef Koos.

„Wat sê ek nou, die's waar; baas dryf my teen die krans, en ek sal maar oorgee,” is die antwoord.

„Praat so!” voeg neef Olraait nou in.

„Ja, praat so!” roep Hartseer hardop, „praat só foggie!” En hy skud heen en weer van lag, lag.

„Nou,” vra neef Koos weer, „moet ek self prys maak, of sal jy dit doen?”

„Ek dit doen? Néé. . . . Baas dit doen; maar ek had ok vrou en tien meisiekenners, wat ek nie by duusvolk swaar laat werk nie; hul mot net van my lewe, die's waar.”

Die neefs kyk na mekaar en verstaan mekaar—duidelik sê hulle oë: „Ja, so gaan dit: kry jy altemit nog 'n wagter, het hy 'n hele nasleep van lui-lêers wat jy verniet moet instop, of hy help jou nie.”

„Nou ja-a,” sê neef Koos eindelijk langsaam, „sorg dan maar dat jy met jou spul—ek meen met jou mense op Broekskeur is; as jy my vir 'n jaar help, sal ek dan maar jou klomp leeg—ek meen jou mense, om jou onste wil, almal verniet kos gee en vir jou natuurlik kos en klere, velskoengoed en twak en £1 10s. of twee jong skaapooie per maand. Neem jy dit aan?”

„Neem ek dit aan?” vra Hartseer ook, en vervolg: „Ek kan nie, glad nie. Néé, die's waar; maar om baas se onste wil sal ek dan maar Broekskeur-toe lê kom met my vroue en tien jong meisies. Ja, die's tog waar, praat so,” en weer skud die ou Hartseer-baster dat trane uit skeurtjiesoë rol soos hy vrolik lag.

„A so,” sê neef Olraait; „kom nou, neef Koos, kom slaap jy nou weer vannag by my soos ek en

my pape by jou in die groot droëntyd, voor die runderpes."

„Ja, kom," stem neef Koos in; en met somar sulke lang-lang hale kap die twee ou neefs nou regtig vinnig weg, want dis al laat en Olraait se werf nog ver.

Die aand net toe neef Koos neef Olraait se vrou se hand vat om te groet, sê hy: „Naand, ou niggie; dié sê ek jou, dit het vandag gesmoor en gesweet om net maar 'n skaapwagter te huur."

„Ja rêrig, ou hartlam," bevestig neef Olraait, „rêrig gevoeter."

VIII.

'N BOESMANLANDSE ORAKEL.

Jan was so 'n kort, dik kêreltjie van dertig jaar. Sy gesig was rond en vet en baie donker van kleur; sy groot oë, sy ou klein snorbaardjie en sy twee plat moesies op elke wangknop was alles gitswart. Sy hoofhare was steeds kort op die vel afgeknip, en sy kort, dik liggaampie was steeds in 'n splinternuwe snyerspak klere gesteek. Die klere was altyd van 'n baie ligte kleur, en dit het vir Jan altyd baie swarter laat lyk as wat hy darem regtig was. Grys was hy toe nog nie, en getroud ook nie. Hy was die oudste van vier broers, en die baas ook van die ander drie. Hy gee net sy orders af, en hulle moes al die boerwerk verrig. En hulle was hom steeds baie onderdanig en gehoorsaam, want hulle was van die soort onselfstandige mense wat gedurig na ander opkyk om raad of hulp of opinie of bevel.

Jan het dan ook later die gewoonte gehad om sy drie broers so vir 'n twee, drie weke vooruit te sê wat alles moes gedaan word, en dan gaan hy solank onder sy bure per kar kuier. Hierdie baas-skap het veroorsaak dat Jan al later net gevoel het asof hy baie meer beteken as wat hyself kan droom. En meer as eens het hy ook gesê: „Ek voel meer dinge in my kop en in my hart as wat 'n man hom sal kan verbeel; en as ek dit alles moet uit, sal die ou wêreld verstom staan.”

En toe het Jan ook probeer om die wêreld te toon dat sy woorde waarheid is, want anders sou die mense kan dink dat hy somar kaf praat. Daarom het hy van toe af in sy gesprekke, gebare en ganse doen en late anders begin handel as gewoonlik. Hy het hom toe voorgedoen as iemand wat regtig delikaat, welvoeglik, kies, beskeie en baie fyngevoelig is. 'n Vrou of nooi het hy van toe af nooit meer aangespreek met jy en jou nie, maar met sy en haar. Vir Lenatjie, die eerste nooi op wie hy verlief geraak het, het hy dan ook gevra: „Ag, Lenatjie, sal sy nie omgee dat ek tog met haar net vir een ou minuutjie gesels nie?”

Hy het ook probeer om soos 'n wysgeer orals raad te gee en met iets nuuts voor die dag te kom. Hy het hom doodgesukkel om splinternuwe spreekwoorde te fabriseer. Eendag het hy en sy bure oor die erns en moeilikheid van die lewe gesels, en toe het hy weer so 'n splinternuwe spreekwoord uitgedink. „Ja, mense, ja,” het hy gesê, „ons kan nou praat en dink net wat ons wil, maar daar is net 'n paar woorde wat vir ons net sulke goeie raad gee as 'n spreuk van Salomo, en dit is: *Die mens moet dink om mens te bly.*” Gou het hy egter gewaar dat geeneen van sy hoorders enige notiesie van hierdie gewigtige woorde neem nie. En so het hy hulle dit probeer duidelik maak. „Kyk, vriende,” het hy begin, „watter trekker kan sy boerdery op die ou kerf hou of vorentoe boer sonder baie agtermekaar planne? Ek sê nie één nie. En wat is agtermekaar planne nou eintlik? Dis net gedagtes wat jy eers uitdink—goeie, eersteklas gedagtes. Die weduwee wat na haar man se dood met 'n heel klomp hulpelose kindertjies en slegs 'n ligte troppie skaap bly sit; die ou kêrel wat byna net so veel skuld as wat

hy besit; die arme trekker wat gedurende 'n aanhoudende droogte ewig moet trek om veld en water; die behoeftige Boesmanlander wat deur sy enigste kindjie sy skapies *moet* laat oppas en tog volgens die gedwonge onderwyswet vervolgd word; die half uitgeboerde en sieklike sukkelaar met sy sieklike vrou wat maar altyd meer gate het as geld om daarin te stop—hulle almal moet gedurig dink en baie dink om mens te wees en mens te bly. En dié wat nie kan dink nie, kan ook nie mens bly nie, maar gaan agteruit, verarm, word afhanklikes van ander mense, verander in treurigklaende wesens, ongelukkige soekers na iets wat hulle ongelukkig nooit kry nie, smekende bedelaars met uitgestrekte hande wat ledig, ledig bly."

Jan kan lank praat en baie preek, en so het hy ook in hierdie geval gemaak. Hy het tot vervelens gepraat en kort-kort sy „spreekwoord" herhaal. Maar dit het hom niks gehelp nie, want niemand het hierdie geleerdheid op prys gestel nie. Een *ku* oom het hom selfs by die end van sy redenasie skrikgemaak. Hierdie oubaas het hom so stil met laggende ogies gesit en bekyk, en toe hy eindelijk klaar was met praat, gesê: „Ja, jongie, wat jy so smaaklik verkondig, klink alles mooi, maar dit sê ek vir jou daar kom darem soms sulke swaar dae oor ons ou Boesmanlanders dat ons verstand glad stilstaan. As jy dan nog probeer dink, word jy stapelgek. Die beste is dan om liever aan niks te dink nie en net te hoop en vertrou. Maar terwyl jy so oortuig van jou saak is, sal ek voorstel dat jy van nou af alles vir ons uitdink: As iemand in moeilikheid raak, kan hy dan net vir jou raadpleeg en jy bedink vir hom 'n uitweg; onder alle ramp en leed, in benoudheid

en in bedenlike gevalle snel ons dan slegs na jou toe. Jy is die man om ons dan die weg te wys hoe om mens te wees en mens te bly. Jy word dan ons almal se man, se profeet, se orakel."

'n Skaterlag van alle aanwesiges—behalwe van Jan—volg op hierdie woorde, en toe sê iemand: „Ja, en ek het ook nou somar 'n moeilike vraagstuk wat ek vir Jan wil voorlê om uit te dink. Kyk dis so: Ou Skraperoor lê op Drobakkies met 'n tweeduisend skaap wat al begin bly staan van maerte, want op Drobakkies is wel water maar glad geen weiveld nie. Trek kan ou Skraperoor nie, want op alle ander plekke waar hy enigszins kan geholpe word, is òf ook net water sonder veld òf 'n soort van 'n ou veldjie sonder water. Op Drobakkies langer bly kan hy nie, of sy tweeduisend skaap vrek die laaste een, want hulle is dwarsdeur die bank ewe maer. Dus, verstaan my goed, neef Jan Orakel, of ou Skraperoor nou trek en of hy bly, dit sal ewe noodlottig wees. Maar om mens te bly, moet hy natuurlik sy uiterste doen om sy skape—dis al wat hy besit—te behou. Maar hy het al die wêreld afgery, planne gemaak, slaaplose nagte deurgebring, die droewigste smeekbedes orals rondgestuur, dae agtermekaar stilswyend gesit en strepies trek en hom al so halfdood bekommer, besin en gedink—maar nog is daar vir hom geen stukkie uitkoms nie. En . . . hoe meer hy nou dink, hoe meer vrek sy skape. Hy is al wanhopig, rasend. Hy sien al die bedelstaf staan vir hom voor die deur. Dit druk so swaar op sy gemoed dat hy nooit rus nie, dat hom niks lus nie. Hy gaan aan sy tafel sit, bid die ‚Segen, Vader,‘ en staan dan op sonder om eens te eet. Hy gaan sit op elke ou velstoeltjie net om

weer op te spring. Gaan hy lê, ruk die angs hom penorent. Duisend gedagtes jaag hom rond.

„Sien jy, my liewe neef Orakel? Dis die stryd om te bestaan, die stryd om mens te bly wat ou Skraperoor stry. Maar hy is vas, vas. . . . En daarom, neef Orakel, gaan na Drobakkies en dink vir ou Skraperoor los, dink vir hom 'n uitweg; gaan dink hoe hy moet maak om sy skape—dis al wat hy besit—te behou; maar pas op dat jy nie mal word nie!”

„Ja, pas op, pas op,” skreeu almal byna tege-lyk, „dat jy nie in 'n mal orakel verander nie.”

Jan was bitter teleurgesteld, maar koppig was hy ook genoeg om nie in te gee nie; en dus staan hy haastig op, swaai met die arms deur die lug en sê ewe vasberade: „Nou goed, ek gaan nou heden-stonsies na Drobakkies, en sal julle wys wat ek kan doen.”

Jan het altyd baie op homself vertrou, maar op pad na Drobakkies begin hy darem te dink dat hy deeskeer sy mond verbrand en glad te veel gewaag het. Sê nou hy kan op Drobakkies niks goeds uitvoer nie, dan sal almal hom mos bespot en uitlag. Hy begin nou te besef dat hy hom diep in 'n moeilike affêre gewikkel het. Hy sien ook geen kans om hom daaraan te onttrek sonder om met skande daarvan af te kom nie. En dus besluit hy maar eindelijk om sy uiterste te doen om ou Skraperoor te help. Miskien kry hy die stomme ou man nog veilig deur al die ellende. En hoe verspot sal sy bespotters dan nie daar staan nie!

Ou Skraperoor het nie eens vir Jan op sy werf sien aankom nie, want die ou het langs sy kraalheining gesit en strepies trek. Jan stap maar na hom toe en sê: Móre, Oompie.”

Maar sonder om te kyk, trek ou Skraperoor nog 'n heel paar strepies op mekaar en sê toe : „Môre.”

„Ek wil amper nie vra hoe dit met Oompie gaan nie,” sê Jan, „want ek sien hier lê 'n heel klomp skaap wat nie meer kan veld-toe loop nie.”

Sonder 'n woord slaan ou Skraperoor sy arms om sy bene, kyk daar ver na die gesigseinder en slaak 'n diep sug. Maar dit was so goed as 'n antwoord vir Jan op sy laaste opmerking omtrent die skaap.

Vol meegevoel gaan hy ook langs ou Skraperoor op sy hurke sit en sê : „Oompie, ek het gekom om vir Oompie te help.”

„Vir my te help?” roep ou Skraperoor uit. „Is jy dan die Voorsienigheid? Kan jy laat reent?”

„Nee, Oompie,” antwoord Jan verleë, „maar ek wil vir Oompie help dink wat moet gedoen word om die skape te behou.”

„Vir my help dink?” roep die ou weer uit. „Dan kan jy maar net so goed al die skape kop afsny!”

Nou word dit vir Jan duidelik dat hy niks met ou Skraperoor sal kan uitvoer nie. Dus stap hy maar na die ou se vrou in die tent. En na 'hy haar die doel van sy koms vertel het, sê sy : „Ai, ou Neef, as jy wil, moet jy maar net doen wat in jou oog die beste lyk, want my ou man is al radeloos, en ek sal ook sorg dat hy jou nie hinder nie.”

En so het Jan die aand gaan lê om die ganse nag deur te dink en te dink en te dink. Maar by dagbreek was hy ook so radeloos dat hy die kombes van hom afgesmyt en langs 'n ou vuurtjie by ou Skraperoor en sy vrou gaan sit het. En toe sit hulle drie lank, lank en stilswyend in die ou vuurtjie te staar. Maar by sonop spring Jan van sy stoeltjie en sê : „Oompie, Tannie, ons

moet nou niks meer dink nie, want ek het net een geloof: As 'n mens in moeilikheid *minder* dink en *meer* doen, kom die wêreld reg—en dis net so waar as 'n spreuk van Salomo.” Daarop stap hy na twee pondokke toe en gee haastig bevel aan twee ou wagtters wat aan murgbeenpype sit en suie. Toe kom hy die ou Tannie vra om vir hom en een ou wagter kos te gee vir twee dae.

Sy voldoen dadelik aan sy versoek, maar vra darem nuuskierig: „En wat wil ou Neef dan nou maak?”

„Ek en die ou wagter,” antwoord hy, „moet met die sterkste skaap na my grond, na Groot-Hoesêjy, se laagtes trek; daar is ook niks, maar net die verandering sal al 'n bietjie help.”

Gou maak hy nog 'n heel boel planne duidelik en gaan toe haastig die sterkste skape help uitvang of afkeer. Ou Skraperoor het na alles geluister, maar niks gesê nie; en werktuiglik help hy ook by die veekrale soos 'n man wat in droomland verkeer. Maar toe darem alles egter klaar was, sê ou Skraperoor aan sy ou vrou: „Kyk, ons oudste seun en ou Klaas Arie en sy oudste seun is mans genoeg hier by ons swakste vee: ek stap saam met my sterkstes.”

Jan en die ou tannie wou nie eens daarvan hoor nie, maar ou Skraperoor hou daarop: „Die swakstes kan tog nou niks meer doen as net lê en vrek nie, maar die sterkstes kan tog nog op 'n manier loop; en dus stap ek saam.”

Jan wou toe ook nie soos 'n groot meneer ry nie—daarvoor is hy nou te skaam. Hy laat kar en perde toe maar aan sy jong Hottentotjie oor om stadig agterna te kom met kos en water, en hy en ou Skraperoor en ou Bottelsak, die ou wag-

ter, vertrek met die vee. Maar dit was 'n kuns —meer as 'n kuns om met vee in daardie toestand te trek: trek jy vinnig, sak hulle uit; trek jy stadig, bereik jy nie gou genoeg die water nie, en dan verdors hulle.

Maar hoe jy ook trek, honger en dors *moet* hulle ly, want Boesmanland is dood en die waters vreeslik ver uitmekaar. En Boesmanland is brandend warm. Die lug het 'n gloed, die waters bly lou. Maar laat jy verhitte diere wat in daardie toestand is, lou water drink, dan vrek hulle op 'n hoop. Jy moet dus snags trek en snags water gee wanneer alles koeler is. Maar as sulke vermaerde vee snags nie mag lê en rus nie, dan beswyk hulle gouer as ooit. En of jy snags trek of lê, jy moet elke minuut op jou hoede wees. Want daar is altyd ou verhongerde skape wat stilletjies in die nag wegtrek as hulle moet lê, en en daar is weer ander ou uitgeputtes wat ongemerk afraak en agterbly as hulle in die nag moet trek. Die een mens is nie die ander nie, en so is dit ook veral met 'n trop maer skaap: die een wil dit, die ander dat; die een loop, die ander staan; die een soek kos, die ander water. Daar bestaan groot verskil van sin, aard, gevoel, krag en neiging tussen elke twee uit duisend. En dit is al hierdie moeilikhede wat dit vir die trekker in tye van groot droogtes so bitter maak, en vir die oorlamse jakkals so maklik om maar net te kom en te roof en verskeur.

Ou Skraperoor, Jan en ou Bottelsak was nou wel drie man by die trop skaap, maar dit het weinig gehelp, want drie man kan nog nie alomteenwoordig wees of orals sien nie. En, daar „donker nie oë het nie,” was dit dan ook veral

snags dat die meeste skaap weggeraak het. Maar Jan-hulle het darem eindelijk so op 'n laaste voetstappie met omtrent die helfte van die trop na Groot-Hoesêjy se laagte afgesak.

Die mens voel gewoonlik bly om die plaas van sy bestemming te bereik—veral as hy 'n treurige, vermoeiende reis agter die rug het. Daar was egter geen blydschap in die hart of op die gelaat van een van hierdie drie persone nie. Want op Groot-Hoesêjy was ook niks, niks. Dit was of hulle uit die een dood in die ander gegaan het. Die angs vir die dag van môre het al swaarder en swaarder gedruk. Jan was disnis, kapot. Hy het eers gedink en plan op plan beraam; later het hy maar net sy plig gedoen en gehoop en vertrou; eindelijk was hy sonder gedagte en sonder hoop. Met sy eie boerdery het dit ook al net sleg gegaan. En elke dag het treuriger begin as wat die vorige geëindig het. Sy broers wou net by hom weet wat gedoen moet word. Dan gee hy somar so voor die voet raad op raad en gebied hot en haar sonder om self te weet wat hy sê. En as ou Skraperoor hom elke môre ook kom raadpleeg, dan doen hy dieselfde: „Kyk,” sê hy dan, „laat die vee vanmôre tot tienuur op die werf bly lê om langer te rus; of, nee, jaag hulle maar om sesuur al van die werf om gouer in die veld te kom; of, nee, gee hulle eers gou water; of, wag, vang eers liewer al die swakstes uit—ek meen keer hulle suutjies uit, of . . . of . . .”

Hier sal Jan dan so 'n bietjie staan en vassteek of hakkel en dan verder losbreek met die een raad na die ander.

Sy bure het hom nou regtig uitgelag en gesê: „Ryperd se kind, laat kom wat wil, maar Jan

bly die raadsman, die orakel op ou Groot-Hoesêjy!"

Maar Jan was in 'n harwar. Hy het niks meer raakgesien nie. Bespotting het hom nie gegrief nie. Hy het om niks getraak nie. En tog, hoewel hy so verander het en sonder enige oortuiging van enigiets en raadop was, het hy nog altyd as 'n wysgerige beteweter gehandel—met ander woorde, hy het probeer gee wat hy nie besit het nie. Hy het hom verstandig probeer gedra; sy hele houding was soms vol wetenskap; maar sy woorde het gou alles verraai. En dit alles het Jan nooit agtergekom nie. Wat hom aangaan, was hy *Jan*, die belangrike man. En Jan stap hier en Jan stap daar, want hy moet orals wees om raad, hulp en bystand te verleen.

Had die verskriklike droogte daardie jaar nog 'n bietjie langer op Boesmanland gedruk, dan sou Jan van al sy sinne beroof gewees het; dan was hy 'n volslae kranksinnige en sou as 'n idoot rondgedwaal het om orals te kommandeer of ongevraag raad op raad aan te bied. Maar die einde van al die ellende was naby. Skielik was die dag van alle dae daar; en toe pak die wolke so dik, dik opmekaar. Maar daar was geen bliksemstraal, geen donderstorm nie: dit het so saggies aan reën gegaan, en so saggies, saggies aangehou en aangehou—drie dae lank! Die veld groei, diere huppel, mense lag. Die blomme waai, vet volop en geld genoeg.

En Jan? Hy staan verbaas: nou sien hy eers hoe vuil hy en sy klere is. Hy raak ook liewer aan lag. Hy laat gou was en stryk en stywe. Ongemerkt was hy weer die Jan van vroeër. Sy boonste verdieping is nou weer heeltemal reg.

En nou gee hy nog meer raad en bevele as voorheen. Dat ou Skraperoor ook nou van alle sorg en kommer bevry was, was syns insiens so te sê net aan hom te danke. Hy gevoel hom nou glad oorgelukkig. Hy bly dan ook aan lag; hy kan dit nie help nie.

„Ek het nou weer iets splinternuuts uitgedink,” sê hy, „wat net so waar is as 'n spreuk van Salomo, en dit is, die mens moet net lag om mens te wees en mens te bly.”

En dan lag hy so lekker dat ou Skraperoor, sy broers en ou Bottelsak ook aan lag raak. En die bure kom ook gou te hore van hierdie en ander nuwe „spreekwoorde” en wyse raadgewings, en dan lag hulle ook en sê: „Ryperd se kind, Jan Orakel bo!”

IX.

'N BOESMANDLANDSE WAILD-GHOES- TJYS.

Die wonderlikste mense vir my op aarde is dié wat nie wil glo dat dit op Namoes spook nie. Ja, ek kan dit nie kleinkry dat daar ooit sulke mense kan wees nie. En tog is daar sulkes. En hulle spot nogal daarmee! Dis vir my vreeslik. Wie gee vir ons die reg om met die dwalende gees van Namoes te spot? Mag die hemel my daarvoor bewaar! Ek het wel ook my foute en gebreke, maar lag daaroor of spot daarmee—nee, so ver is ek darem nog nie.

Oupa Terrie moes een nag in die diep kloof van Namoes gaan muile span. (Ek wil liever nie daaroor praat nie: dis vir my te vreeslik.) Maar 'n mens is 'n mens: jy vertel ook maar graag 'n storie. Dus sal ek dan ook maar vertel, al rys my hare vir die hoeveelste maal.

Nou ja, oupa Terrie en sy ou jong sit en span dan een nag tien muile in die diep kloof van Namoes. En hulle span die muile so op hulle dooie gemak, want toe ken hulle mos nog nie vir Namoes nie. Daar was wel al die tyd so 'n snaakse, onnatuurlike gefluit, „maar,” het oupa Terrie vir die ou jong gesê, „dit sal wel 'n soort voël wees wat miskien 'n stuk muisgeraamte in die keel het.”

Maar toe elke man sy laaste muil net klaar gespan het, toe spat daar vuurvonke rondom hulle,

en toe verskyn daar 'n helder lig so reg voor hulle in 'n grot, en toe verskyn daar meteen ook 'n mensgeraamte in die lig! Oupa Terrie en die ou jong was stom. Hulle kon niks doen nie: hulle kon net staan en staar, staar.

En toe begin die geraamte sy kake te roer, en toe kom daar 'n aaklige stem wat sê: „Die Heer weet waarom ek hier verskyn!”

En net daarop het alles verdwyn, en is dit doodstil en net so donker as vantevore.

Oupa Terrie en die ou jong kon nie hardloop nie: hulle was verlam; hulle het mekaar vasgehou en omkyk-omkyk daarvandaan so voetjie vir voetjie gesukkel. (Maar die gespande muile het houtgerus gewei, want die dwalende gees van Namoes verskyn nie aan muile nie: net maar aan gelowige mense wat nie daarmee spot nie.)

Arme oupa Terrie en sy ou jong het spraakloos op Namoes se ou werf by hulle trekkerswa gekom. Die ou jong was net so wit in die gesig as oupa Terrie. Eet, gesels of slaap, dit kon hulle nie; en vergeet wat gebeur het, nog minder. Hulle het maar die nag deur houtjies op 'n vuurtjie gegooi en daar gesit, -sit, -sit tot geen hoender meer sou kraai nie. Maar toe sê ou oom Nasie, wat ook by die trekkerswa was, en wat toe lekker uitgeslaap was: „Ou Terrie, dis mos al lig; jy en die ou jong moet gou vir ons koffie maak.”

En toe maak hulle die koffie en proe ook daaraan. Maar toe hulle eers geproe het, toe drink hulle somar gretig meer. En toe kry hulle krag, sodat hulle ook weer iets kon dink en praat soos mense in normale verstand.

Gou het hulle oom Nasie dan ook die hele voorval vertel. En daar die muile toe weer moes gaan haal word, het ou oom Nasie saam na die

diep kloof gegaan. Die grot waar die geraamte in die lig verskyn het, het hulle gou gekry; en toe het hulle daarin rondgesnuffel. Aan die linkerkant, binne in die grot, was 'n nou klip-skeur wat met ronde ysterklippe van verskillende grootte opgevol was.

Oupa Terrie en die ou jong was baie versigtig, maar ou oom Nasie was kalm en nuuskierig. Hy begin haastig die ronde klippe uit die skeur te haal. Dit was 'n moeilike werk, want op sommige plekke het die klippe in die loop van die jare diep tussen sand weggesak. En oupa Terrie en die ou jong moes later teen wil en dank help. Maar toe was hulle nie lang besig nie, of daar val twee gate in, kort by mekaar, omdat die sand en klippe skielik diep na onder-toe sak. Op dieselfde oomblik roep oupa Terrie en die ou jong verskrik uit: „Daar, daar is hy!”

Ou oom Nasie kyk en sien die geraamte van 'n mens tussen die twee gate en vas tussen die twee sye van die skeur gepers, en in 'n staande houding.

„'n Sonderlinge ooreenkoms,” sê ou oom Nasie: „'n geraamte het verskyn waar ook werklik 'n geraamte staan.”

Maar daar was niemand om hierop te antwoord nie, want toe het oupa Terrie en die ou jong al skielik verdwyn. En kort daarna hoor ou oom Nasie hoe hulle twee die gespande muile oor die ru grond van die diep kloof wa-toe ja.

Daar was dan niks aan te doen nie; ou oom Nasie moes maar gou die geraamte op 'n manier toedek en gaan help inspan.

Maar daarmee was die saak nie afgehandel nie. Ou oom Nasie het vir oupa Terrie en die ou jong gevat en met hulle eers na 'n polisieagent en toe

na 'n vrederegter en eindelijk na 'n magistraat gegaan. Die polisieagent het skouers opgetrek, die vrederegter kon nie van huis gaan nie, omdat hy 'n babetjie verwag, maar die magistraat het 'n dokter geroep, en toe is hulle almal saam na die diep kloof van Namoes.

Die geraamte moes hulle stuk vir stuk uit die klipskeur haal en weer aanmekaar sit. Dit was alles totaal ontvleesde bene; maar die dokter kon geen kneusing of wondplekke aan selfs die kleinste beentjie kry nie. Die borskas, die ruggraat, die skedel—alles was gaaf en heel.

Dit wil egter nie sê dat die geraamte nie dié van 'n vermoorde persoon was nie, want daar is natuurlik baie maniere om iemand te vermoor sonder om een beentjie te beskadig. Die dokter het dit goed ondersoek en toe net verklaar dat dit die geraamte is van 'n Hottentot of Koranna van die manlike geslag.

Die magistraat was baie teleurgesteld en het dit 'n „waild-ghoes-tjys” genoem.

Ou oom Nasie en oupa Terrie het toe gedink dat „waild-ghoes-tjys” 'n soort siekte is waaraan die magistraat meen dat die Hottentot of Koranna dood is, en dus sê hulle: „Nee, Meneer, hy is nie aan daardie soort siekte dood nie: hy is vermoor, want daarom het sy gees hier in die gedaante van sy geraamte verskyn.”

Maar toe word die magistraat heeltemal vererg en sê kwaai: „Het ek dan van siekte gepraat? Ek het gesê dis somar 'n verspotte, gekke onderneming—en dit is dit wel.”

En toe ou oom Nasie en oupa Terrie dit hoor, voel hulle baie geaffronteerd en word nog kwaaiër as die magistraat. Deur woorde en gebaar laat hulle hom toe ook gou verstaan dat hy nie vir

hom moet verbeel dat hy alleen die reg het om in teenwoordigheid van 'n Hottentot- of Korannageraamte boos te word nie. En toe ontstaan daar 'n groot misverstand. Maar die dokter en die ou jong het maar stilgebly, want die dokter het aldrie mans se vroue vir goed-betalende pasjente gehad, en die ou jong was alte bang vir die magistraat en aldag verleë om ou oom Nasie en oupa Terrie. Hulle wou dus nie vir die een of ander kant party trek nie, en het toe maar stilswyend die stukke van die geraamte weer in die skeur gegooi en toegemaak.

Ou oom Nasie en oupa Terrie het diep gegrief tuisgekom. Hulle het gesê: „Ons het gemeen om reg en geregtigheid te laat uitoefen, en nou noem die magistraat dit 'n gekke onderneming of glad 'n waild-ghoes-tjys!”

Maar hiermee was die saak ook nog nie afgehandel nie. Want die storie is so: Ou oom Nasie se ou vrou was 'n ou mens wat gesigte gesien het en drome gedroom het. En net kort na ou oom Nasie en oupa Terrie se tuiskoms het die geraamte in die nag voor haar bed kom staan en haar gesoebat—waarom, dit weet sy nie, maar gesoebat het hy, en dit was vir haar genoeg.

„Julle moet die saak nou maar alleen gaan ondersoek.” het sy gesê, „en reg en geregtigheid laat uitoefen.”

Die dokter het vir ou oom Nasie daarvan stillettjies afgeraai en gesê: „Jou ou vrou is maar 'n bietjie histeries van aard en vol verbeeldings; laat haar maar met rus, en die geraamte ook.”

Maar die ou vrou self wou nie rus nie, en, volgens wat sy sê, die geraamte ook nie. En later

het ouma Terrie ook begin spook, en die ou vrou gehelp in haar sienswyse dat die saak nou in alle erns moet ondersoek word.

Die gevolg was dat ou oom Nasie en oupa Terrie ook geen rus meer by hulle huise kon kry nie. En boonop kom die ou jong nog op 'n goeie môre sê: „Oubaas Nasie en oubaas Terrie, ek kan nou nie meer rus nie, want my ou meid, hy neul so oor die geraamte dat dit vir my smaak ek vrek al hoeka!”

„Wat? Dié ou skepsel ook?” roep ou oom Nasie en oupa Terrie tegelyk uit. Dit was vir hulle gou duidelik dat hulle vroue die ou meid ook in die komplot geneem het.

„En as ons nou nie gehoor gee nie,” sê ou oom Nasie, „sal al die buurvroue ook later daarmee gemoeid wees, en dan sal dit dag en nag om ons ore dreun tot ons stapelgek is.”

Daar was dan niks aan te doen nie: die saak moet maar weer gepak word. Dit was 'n moeilike en vervelige werk om al die ou mense wat nog lewe en wat die vorige geskiedenis van Namoes ken, op te spoor en uit te vra. Maar ou oom Nasie en oupa Terrie het nie moeite ontsien nie. En ook nie lank nie, of hulle het darem 'n hele boel informasie omtrent Namoes bymekaar.

Een ou grysaard het beweer dat dit op Namoes van 1880 af begin spook het. Daar het nooit iemand gewoon nie. Namoes word van vanmelewe af net vir 'n uitspanning van trekkers gebruik, want hy lê langs 'n ou groot trekpad, en daar is 'n standhoudende fonteintjie in die diep kloof. Baie mense het daar al lelik in die nag geskrik. Daar is al meer as een nag wonderlike geluide gehoor, maar nooit is iets gesien nie. En

so het ou oom Nasie en oupa Terrie aangehou met hulle ondersoek tot iemand hulle eindelijk vertel dat op Namoos 'n Hottentot in 1880 verdwyn het. En toe hulle die man verder uitvra, vra hy skielik vir oupa Terrie :

„Ou vriend, is jy miskien famielie van oorlede ou Taai?”

„Ja,” antwoord oupa Terrie, „dit was my oom van moederskant; maar voor ek my verstand gekry het, het hy uit die ou wêreld waar ons toe gewoon het, weggetrek. Jare later het ons gehoor dat hy hier in Boesmanland rondgeswerwe het; maar voor ons ook hierheen getrek het, was hy al dood.”

„Nou sien jy,” sê die man „daardie Hottentot was jou ou oom, ou Taai, se skaapwagter. Maar van storie kom storie, en die een ding vang die ander, en so sal ek julle liever niks vertel nie.”

En hoe ou oom Nasie en oupa Terrie hom ook gesoebat het, hy het geswyg soos die graf en verder niks daarvoor wou praat nie.

„Net een ding sal ek julle sê,” het hy tog later op al hulle gesoebat geantwoord. „Gaan na Arababagab in Groot-Namakwaland, en gaan gesels daar met ou Klaas Kantien en sy ou vrou oor die storie van ou Taai en sy skaapwagter wat in 1880 op Namoos verdwyn het.”

Dis 'n lang tog na Arababagab, „maar,” sê ou oom Nasie, „as twee wit Eva's en 'n ou bruine vir jou aanja, moet jy maar gaan.”

En die ou jong het gesmeek om saam te gaan. Hy sou die trekdier versorg; hy sou tog alte lekker kos en koffie op pad maak; hy sou sy lewe vir sy oubase opoffer. Maar laat agterbly moet hulle hom tog nie, „want, ai, die gekerm van sy ou meid sal hom hoeka laat vrek.”

En so kom ou oom Nasie, oupa Terrie en die ou jong eindelik op Arababagab aan. En op hierdie plek was daar maar net een ding om oor te gesels; en daaroor het hulle baie gesels, want ou Klaas Kantien en sy ou vrou was mense wat van gesels—laat dit wees waaroor dit wil—gelewe het.

Gou vind ou oom Nasie en oupa Terrie dan ook uit dat ou Klaas Kantien in die winter van 1880 op Namoos so vir 'n rukkie met sy trek gestaan het. Toe het ou Taai ook daar met sy trek gekom. En ou Taai se skaapwagter was 'n aartsskelm en ou Taai self 'n boosaard: die Hottentot kon steel en ou Taai kon verkeerd doen. En in hierdie ondeugde het baas en kneg toegeneem en al erger geword. Toe, op 'n goeie dag, raak maar alweer een van ou Taai se beste hamels kastig weg. Die saak word fyn ondersoek, en die vet stukke vleis van die hamel word in 'n grot in die diep kloof van Namoos gekry; en daar was ook genoeg bewys dat dit maar weer die werk van ou Taai se skaapwagter was.

Ou Taai het vreeslik te kere gegaan. „Hier het hy my hamel geslag, en hier moet hy ook vrek,” het ou Taai onder ander gesê. En, wonderlik, maar net 'n paar dae daarna het die Hottentot soos 'n speld verdwyn. Maar ou Taai het niks daaroor gekla nie, maar het toe somar ewe vrolik daar weggetrek; en toe was dit vir ou Klaas Kantien ook hoog tyd om ver daarvandaan beter weiveld te gaan soek. Van die Hottentot het niemand ooit weer gehoor nie.

Ou oom Nasie en oupa Terrie het na hierdie storie so in die eensaamheid oor die saak gesels. „Wat moet ons nou maak?” het oupa Terrie gevra.

„Die Hottentot is natuurlik dood en jou ou oom is ook al dood,” het ou oom Nasie geantwoord, „en so is dit vir ons onmoontlik om verder reg en geregtigheid te laat uitoefen. Maar ons is verplig om die geraamte uit die skeur in die grot te gaan haal en op 'n ander behoorlike plek behoorlik te begrawe. Want ek dink die Hottentot sal en kan nie rus so lank sy geraamte op dieselfde plek staan waar hy en sy baas altwee kwaad gedoen het nie.”

„Ja,” gee oupa Terrie gelyk, „en daarom het hy ook juis aan my, 'n bloedverwant van ou Taai, verskyn.”

„Nou sien jy!” sê oom Nasie ernstig.

Dit was 'n vervelige tog van Arababagab na Namoes—dis seker. Maar eindelik was hulle die stuk wêreld oor en kom laat op 'n namiddag op Namoes aan. Hulle was baie haastig, want hulle wou nog voor son- onder met hulle werk klaar wees en dan somar voor dit nog donker word, vertrek ook. Nog nooit het drie mense so gou trekdiere uitgespan en water gegee en boonop nog 'n geraamte uit 'n klipskeur gaan haal nie. Maar as die ou son eers so laag in die weste gesak het, dan wag of talm hy nie meer nie: dan vlieg hy. En toe kon hulle ook nêrens 'n sagte plekkie kry om 'n graf te delwe nie. Hulle moes op 'n harde plek grawe. En hulle het gegrawe! Dit het gelyk of die stomme ou jong hom selfs wou breek van sukkel om tog net klaar te kry en weg te kom. Maar wegkom kon hulle nie: dit het te gou donker geword. Hulle moes maar hard sukkel om die Hottentot se stoflike oorskot diep onder die aarde behoorlik te begrawe. Toe dit klaar was, sê ou oom Nasie: „So rus nou, tata!”

Hulle het die nag sleg geslaap. Daar was tog alte veel gedagtes daar so naby die graf en die diep kloof en die grot. En in die nanag was daar skielik 'n geluid—'n vreeslike geluid; vreeslik, omdat hulle daarvoor juis bang was, maar ook omdat dit aan die ander kant so onverwags was. Dit was doodstil, en hulle was diep in gedagte versenke. En toe opeens klink die geluid somar hier by hulle, sodat die kranse antwoord gee.

„Bê-aa-auk, bê-aa-auk!” klink dit by herhaling deur die stille nag. Die ou jong het inmekaar gekrimp, oupa Terrie het onder die kar ingerol, maar ou oom Nasie het hom doodvererg. Maar as ou oom Nasie hom vererg, is dit 'n gewisse teken dat hy hom half doodgeskrik het. En onder sulke omstandighede word ou oom Nasie lelik kwaad en ontsien niks ter wêreld nie. Hy gryp dan ook die sambok en stap boos na hulle vuurmaakplek. Hy sou gou 'n groot vuur aansteek om net te kan sien. Dan kan net kom wat wil: hy is mans genoeg daarvoor. Maar net toe die vuur mooi opvlam, storm iets somar reg op die vuur af. En ou oom Nasie was nou nie links nie, want hy het alweer geskrik en hom nog meer vererg. Woes gryp hy die ding en bekyk dit onderwyl dit maar weer „Bê-aa-auk!” deur die lug klink.

„Wat?” skree ou oom Nasie. „Jou waarlik 'n ou half-blinde, half-vrek brandsiek-bok!”

En so was dit ook. Die stomme ou dier was al haar-af en opgeswel van korste van brandsiekte, waaruit die bloed geloop het. So 'n ou bok kan lelik skree as die ondraaglike geprikkel en gebrand hom beetpak en hom somar blindelings orals ja.

„Kyk hierso,” sê ou oom Nasie later, „ek voel nou so vies as nooit tevore nie, en ek dink dit sal vir ons al drie baie goed wees as ons van hierdie voorvalletjie aan geen sterfling iets vertel nie.”

En daarmee het oupa Terrie en die ou jong tog alte graag ingestem.

Hulle kon die voorvalletjie egter glad nie vergeet nie: hulle het tog te groot geskrik. En hulle was nog altyd baie vies en nors toe hulle tuis gekom het. Hulle vroue het glad nie te veel mag uitvra nie of hulle word somar verkeerd. En kort daarna het die ou jong ongelukkig glad te veel heuningbier gedrink en kon toe nie sy lag hou nie.

„En toe, hetsê, wat lag jy nou so?” vra sy ou meid.

Die ou dood weer so van die lag en sê: „Maar kyk, jelle, jelle, ek sien mos nou weer vir my op Namoes so inmekaar krimp en vir oubaas Terrie oender die kar ienswaai soos 'n vel!”

Dit was vir die ou meid genoeg, en gou het sy die hele storie uitgevis. Toe vertel sy dit aan haar nooiens, en hulle pak somar vir ou oom Nasie en oupa Terrie. Maar toe hierdie twee oubase al kwaai word en glad nie wou vertel nie, toe vertel hulle vroue ongelukkig weer aan ander bure dat daar nou weer op Namoes so 'n vreeslike affêre was dat hulle mans liever nie daarvoor wil praat nie. Dit het almal so nuuskierig gemaak dat ou oom Nasie en oupa Terrie toe nog minder rus as vantevore gehad het. Selfs die vrederegter en die polisieagent het hulle kom uitvra. Maar wat oupa Terrie se ou bloedverwant gedoen het, wou hulle nie vertel nie, en van die brandsiekbok nog minder. Hulle kon dit egter later nie meer uithou nie, want nuuskieriges stroom nog altyd toe. Toe

skryf hulle 'n gewigtige bekendmaking. Daarvan maak hulle 'n menigte kopieë en stuur dit in alle rigtinge.

Hulle was manne wat glad in 'n ander taal geskryf het as wat hulle gepraat het. Die bekendmaking het dan soos volg gelui:—

„Alle diegeningen mensken die so gaarne verder van het Namoessaak wilt weten, waarskuwen wij, den ondergetekenden, dat sij niet naar wij-toe daarover moeten kompt daar wij met het ganske gedoenten op generlei wijsen wilt te doen hebben, want het kompt ons nu voor soals den Hoogedelen magistraat self heef geseid: het is niets anders dan 'n verspotte onderneming ofte wel ook 'n rampsaligen waïld-ghoes-tjys.

In tegenwoordigheid van wij, de uwe opregtigen dienaren, bekrachtigd en ondertekend.

NASIE en TERRIE."

X.

BOESMANLANDSE EUWELTJIES.

Dis nou baie treurig, maar 'n euwel is 'n gebrek, 'n kwaad—dus glad nie iets goeds nie. En daar ons ook maar teer voel vir ou Boesmanland, skryf ons hierbo liewer euweltjies pleks van euwels; die verkleinwoordjie is ons hulpmiddeltjie om sake nie so grof voor te stel nie.

Nou ja, daar is twee baie groot euweltjies in ou Boesmanland. Die enetjie is, ons jok te maklik; en die andertjie, ons skrik te gou.

Laat ons eers oor eersgenoemdetjie uitvaar.

As jy met jou leuens met alle krag en geweld volhou, dan word jy al gou 'n aartsleuenaar, en dan sê die Hollander van jou: „Je liegt dat je zwart ziet.” En nou is hier ongelukkig taamlik baie growwe leuentjies wat ons van geslag tot geslag vir die reïne waarheid vertel en oorvertel. Dis alles leuens, maar ons hou daarmee aan tot ons dit later self glo—by voorbeeld, hier is die storieltjie van die predikant met die skoon papier-tjie. Toe ek omtrent twaalf jaar oud was, het ek hierdie verhaaltjie reeds deur baie persone op baie verskillende maniere hoor vertel. Maar toe, op omtrent daardie ouderdom van my, vertel 'n geloofwaardige ou man my dieselfde voorvalletjie ewe ernstig soos volg:—

„In 1806 het ek my ou suster Pêrel-toe gebring om aangeneem te word. Ons het daar op 'n Saterdagdaand gekom, en so het ek die Sondag daar oorgelê. Natuurlik het ek en my ou suster

die Sondagmôre kerk-toe gegaan. En wie dink jy het toe gepreek? A, dit was die dominee Van der Lingen, wat somar jou hart stukkend skeur om by jou sonde te kom. En reken net 'n bietjie, die môre klim hy op die preekstoel glad sonder 'n teks om oor te preek. Maar toe trek hy nef 'n stukkie papier waarop glad niks geskrywe was nie, uit sy sak, en toe wys hy een skoon kant van die papiertjie aan die gemeente en sê: „Hier is niets.” Toe wys hy weer die ander skoon kant en sê: „En hier is niets; en uit niets het die Heer die wêreld geskape.” En toe raak hy somar oor hierdie woorde aan preek; maar dit sê ek vir jou, hy was nog nie in die helfte nie, toe huil ek en my ou suster en die hele gemeente al dat ons so snik.”

Tot so ver die ou oom. Ek kon nie anders as om die eerwaardige oubaas te glo nie. Hy was dan self teenwoordig; dit *moet* nou die waarheid wees.

Maar nie lank daarna nie of iemand anders vertel alweer dieselfde storietjie op glad 'n ander manier. Hierdie persoon het dit van sy oorlede vader; en hy sê sy oorlede vader was nie 'n man wat vir hom met leuens opgehou het nie. Hy sê sy arme oorlede vader was self in die kerk op Tulbagh toe ou vader Andrew Murray die Saterdagmiddag met 'n voorbereidingsdiens „per mistake” 'n skoon papiertjie, pleks van die papiertjie waarop sy teks was, uit sy gesangboek haal. En toe het ou vader Murray somar op albei kante van die papiertjie met sy vinger gewys en gesê: „Hier is niets en daar is niets, en uit niets is het ganske heelal met al hun heir gemaak.”

En toe sou ou vader Murray ook oor hierdie woorde gepreek het as voor dese en na dese nog nooit gepreek is nie.

Dis dus al 'n soort van tweelingstorie : eers een storie met een oorsprong, maar nou deur leuenagtige tonge al in twee gesplits.

As dit tog maar net hierby gebly het. Maar dis glad nie die geval nie, want ek het reeds gesê dat ek dieselfde gebeurtenisse op omtrent twaalfjarige ouderdom al deur baie persone op baie verskillende maniere hoor vertel het. En daarna het ek dit op nog wonderliker maniere hoor vertel. Die ou Boesmanland wemel al daarvan. En elkeen vertel dit op sy manier en kan—wat my totaal dronkslaan—ook heeltemal instaan vir die waarheid daarvan.

'n Poggenpoel uit Namakwaland, 'n seker Diederiks uit Kenhardt, 'n Van Zolen van Upington, 'n Fickjyts van Calvinia—almal het 'n ou neef, 'n oom, 'n vader of ou tante gehad wat teenwoordig was toe 'n leraar, 'n sendeling, 'n professor of teologiese student met 'n stukkie skoon papier-tjie in die hand gestaan en preek het oor „hier is niets en daar is niets.”

Nou kort was dit Nagmaal op die dorpie N. Ons was 'n hele klompie mans voor 'n seker tent. Die een sê dit, die ander dat, en dit was net 'n lekker geselsery. Maar toe ek vir my kom kry, begin 'n seker ou Houw weer met die hier-is-niets-en-daar-is-niets-storietjie. Ek skrik en draai somar om om liewer weg te stap. Maar toe gryp ou Houw my ewe vertroulik aan die baadjiekraag, met die woorde : „Nee wag, jong, luister 'n bietjie eers hoe lekker my ou Hollander-skoolmeester vroeër vir ons, sy katkisante, gepreek het.”

En ou Houw hou my vas en vertel toe dieselfde storiëtjie van die stukkie skoon papiertjie, en probeer toe uit alle mag om te preek soos die skoolmeester kastig sou gepreek het. Hy word baie ernstig en slaan teen my skouer en sluk groot winde en skop klippies weg en skree af en toe 'n woord uit die Bybel in my oor, maar al die tyd voel dit my of ek my hare uit my kop kan trek van spyt dat daar ooit so 'n storiëtjie waarmee so verskriklik gespekuleer word, in ou Boesmanland gekom het.

Ooms, tantes, neefs, niggies, vriend en vyand — ons almal het die storiëtjie al tot vervelens toe gehoor en self vertel en oorvertel, maar ons hou daarmee aan. Ons las daar stukke by; ons verdraai dit; ons verander die name en die tyd en die plek en die omstandigheid daarvan; ons keer dit glad om; ons knop lang preke daaraan vas; ons maak nuwe planne om dit al geloofwaardiger te laat lyk; ons sweer hoog en laag vir die waarheid daarvan en ons „liegt daaroor dat ons swart ziet.”

En daar is ongelukkig nog baie ander storiëtjies wat ons gebruik om lekker vals voorstellings te maak en om rêrig lekker onwaarhede te saai. Dink 'n bietjie net aan die storie van die handdoek op Grofgestamp: 'n Groot, wit spook sou kamtig so brutaal geword het dat hy of sy somar op 'n goeie agtermiddag die huis van 'n oubaas op Grofgestamp ingeswewe het, en toe die ou verskrikte kêrel in 'n aaklige, holklinkende stem gebied het om hom of haar te groot! En toe sou die arme ou man maar in vredesnaam 'n handdoek om sy hand gedraai het en, soos ons sê, bladgeslaan het. En toe sou die wit gedaante

subiet verdwyn het, want dit—die groetery—sou kamtig 'n gewigtige taak gewees het wat die spook nog op aarde moes kom vervul het! En niemand kon stry nie, want elkeen kon maar net na Grofgestamp toe gaan en self gaan kyk hoe duidelik die afskuwelike spookhand op die handdoek ingebrand is.

Hierdie storie is in 1900 vir die eerste maal soos hierbo in Boesmanland ingestuur. Maar nou, na vyf-en-twintig jaar, is hy al in honderd verskillende wanstaltigheidjies verander en verdraai. En dis nou nie net meer Grofgestamp wat beroemd geword het om sy groot, wit spook nie, en dis ook nie nou net daardie eerste oubaas wat in besit is van 'n handdoek met die vorm van 'n spook se hand daarop nie; o nee, daarvoor jok ons te lekker!

Maar raai, hierdie wit spook hinder my darem glad nie so erg as die aanhoudende en vreeslike prekery oor „hier is niets en daar is niets” nie: By die aanhoudende oorvertellery van hierdie prekery was daar tog alte veel valse erns en valse trots op alte veel aangesigte te bespeur; jy kry daar 'n vreeslike hekel in.

Daar is nog 'n ander storiëtjie wat al net soveel weersin by my opgewek het. En net soos ek gewaar dat iemand daarmee begin, dan sit ek maar die rieme neer. In hierdie storiëtjie is seker al nog meer valsheid gebruik of ingesleep as in die prekery. Daarom sal ek dit waag om hom nou ook nog net te vertel voor ek oorgaan om oor die tweede euweltjie te skryf. En nou sit ek vas en weet nie hoe om te begin nie. Immers, hierdie storiëtjie kan ek op duisend . . . hm . . . op honderd soorte van maniere begin! Ek het

mos gesê ons jok te maklik. En dit was tog maar eers net een kort storietjie!

Maar ek sal nou maar daarmee begin soos my oupa vroeër daarmee begin het:—

Daar was eenslag 'n man met twee groot vuiste, en sy naam was Gous Klapper. En die twee groot vuiste van hom het hy eendag gebruik om sy ou skaapwagter, wat skaap weggesmyt het, reg te sit. Maar toe gaan kla die skaapwagter op Kenhardt by die magistraat; en toe moes Gous Klapper in die bank gaan staan en maar skuld beken, want daar was te veel getuies teen hom. Toe beboet die magistraat hom met £5. En toe smyt hy die £5 daar voor die magistraat op 'n ou groot kas neer en vra:

„Meneer, wat kos 'n opstopper?”

„Net £1,” antwoord die magistraat.

En luister 'n bietjie nou: Toe gaan trap hy vas en skiet die magistraat met sy groot, ronde vuus so reg tussen die oë dat dit so klap, smyt die £1 op die ou kas neer en verdwyn by die deur uit.

Dis die storie. Maar nog nooit was oor iets in ou Boesmanland soveel leuentaal gebruik nie. Ou Jomp Hothandjie sweer al jare lank dat 'n ou oom van hom, na wie hy ook heet, die magistraat so ingekuier het. Dus glad nie meer 'n Gous Klapper nie. Maar ou Saggarie Withuis, ou Klaas Huilogie, ou Piet Tandjies, ou Stewelduisman en nog 'n heel boel ander neefs en ooms sweer net so lank en net so ernstig oor die waarheid van hierdie selfde storietjie net soveel maal as hulle dit op glad verskillende maniere vertel. En elkeen staan daarop dat dit 'n vader, 'n oom, 'n neef of ou bekende maat van hom was wat die magi-

straat so 'n poets gebak het. En wat dit nog erger maak, elkeen vertel dan nog daarby 'n hele boel ander onverskrokke dade wat sy held, voor en ná die slaan van die magistraat, verrig het. En dan die menigte van verdraaiings en veranderings! Dis vandag al 'n hele mengelmoes van helde met 'n menigte van groot vuiste wat op die neuse, tussen die oë, teen die slape of selfs so reg onder die kenne van 'n menigte van magistrate geskiet, gestamp, geklap, gedreun en selfs gekielie en gekriewel het.

Dieselfde storie van Jakkals en Wolf, van Tyl Uilspieël, ensovoorts, word tog ook op baie verskillende maniere vertel, maar niemand sal tog so gek wees om hoog en laag te sweer dat Uilspieël sy eie oom van vaderskant, of Jakkals sy dierbare oorlede neef was nie. En net so is dit met al die Boesmanstories en ander fabels en legendes: geen Boesmanlander het in hulle eie bloedverwante nie. Maar laat hier 'n bietjie deesdae 'n besonder awentuurkje plaasvind. Laat dit iets tragies wees, of sê maar dis iets wat jou laat lag. Dit kom nie daarop aan nie, as daar maar net iets in voorkom wat daar ver langs net so effentjies na moed ruik, dan raak die poppe gou aan dans, of, liewer, die tonge van Piet, Paul en Klaas spring los. Piet skuiwe gou 'n ou oom van hom in hierdie sonderlinge lotgevalletjie; Paul knoop daar 'n lang stert aan met sy neef daarby; Klaas verwonder hom eers so half dood oor die leuens van Piet en Paul en vertel dan die „reine waarheid” daarvan, maar glad nie soos dit gebeur het nie. En dan sê hy nog op die end van sy storie: „Jy kan maar vir ou Koos Drodap gaan vra: hy was self daarby.” Of anders klink dit:

„Praat 'n bietjie met ou Plooitjiesvel daaroor : dit het op sy werf, vlak voor sy deur, ja, so amper op sy stoep, gebeur.”

'n Paar jaar gelede het iemand 'n prysverhaal vir 'n seker maanblad geskryf. Dit was 'n spookstorie met die titel „Oom Sarel se ontmoeting op Rooiberg.” Die stof vir die spookstorie het die skrywer geput uit 'n menigte van verhale van dwalende geeste, spoke en gedaantes wat op verskillende tye arme trekkers of ander reisigers op Rooiberg kamtig die dood op die lyf sou geja het—vandaar sy spookstorie, wat natuurlik pure fiksie was, maar wat die prys behaal het en in gemelde maandblad verskyn het.

Kort daarna ontmoet die skrywer iemand wat hy nog nooit vantevore gesien of selfs van gehoor het nie. Maar gou was hulle regte intiem en gesels somar van die os op die esel. So hou dit aan tot die aand; en toe verval hulle op spoke. Maar wat was die verwondering van die sogenaamde skrywer nie groot nie toe die persoon eindelijk sê : „Wag, laat ek jou tog vertel wat 'n ou oom van my op 'n seker plek Rooiberg oorgekom het.” Daarop torring hy ook somar los met dieselfde prysverhaaltjie, maar verdraai dit so dat dit later net hier en daar kenbaar was. Dog hy wat geskrywe het, laat maar vir hom wat nou so maklik jok, begaan. Op die end vra eersgenoemde darem : „Het jou oom jou dit self vertel?” „Nee,” antwoord laasgenoemde, „want ek en my oom woon ver uitmekaar, en ons was nog nie na sy ontmoeting bymekaar nie; maar hy het dit in 'n koerant of soiets laat druk, en daarin het ek dit toe gelees; maar dat dit die waar-

heid is, is net so seker as wat die son vandag geskyn het, want ek ken my oom."

En hier sal ek nou maar die skrywer van die spookstoriëttjie en die vreemdeling wat hy ontmoet het, laat staan. Maar Piet, Paul en Klaas het nie die verhaaltjie klaar gelees en daar gelaat nie, want ek het later verneem hoe hulle ook, net soos die vreemdeling, dit deur aanlassy en byjokkery so die een na die ander verdraai het. . . .

En as dit met hierdie onskuldige storiëttjie so gaan, is dit tog te begryp hoe soms met skinderpraatjies en lasterlike dingetjies gehandel word. Hier geld die spreuk: „Van 'n muggie 'n olifant maak," meer as ooit. Ek het mos gesê ons jok darem te maklik.

Laat ons nou die tweede ou euweltjie bekyk: Ons skrik te gou.

En hier is 'n geval hoe party van ons tannies en niggies kan skrik: Ou tant Judit en haar drie dogters, Bet, Jaaitjie en Soufie, is druk besig in die tent. Dis die ou stukkende, swart, merienose rok, die ou paar voetlose kouse en die ou twee verflenterde broekies van Orgie en Basjantjie wat vir hulle so besighou. Eensklaps hoor hulle 'n rytuig. Bet loer versigtig uit en skree: „O jennagie, dis vreemde mense; en die een lyk soos 'n predikant, want hy is swart-wit-bors!"

Pleks van dat hulle nou maar probeer om tog teenwoordigheid van gees te behou en kalm te bly, spring hulle almal verskrik op. Die ou tent is reeds vanmôre voor sonop uitgevee en alles op sy plek en in orde gebring. Maar nee, almal gryp nou tegelyk na die besem. En as Soufie of Jaaitjie nog miskien die besem los om 'n gordyntjie reg te trek of 'n ou kassie gou onder die

ou katel in te stoot, dan los almal die besem om ook die gordyne of die kassie te bespring. Maar dan val dit hulle weer tegelyk by dat hulle hare miskien kan uit orde wees; dat hule voorskootjies dalkies skeef hang of dat hier en daar aan hulle tabberdjies 'n rafeltjie of garedraadjie klewe. Dit verwek 'n hele verwarring. Soos tolle draai hulle al in die rondte. Ou tant Judit is nou somar doodvies. Maar die rytuig het al voor die tentdeur stilgehou, en die mense kom al nader. Haastig stryk Soufie nog die vingers deur haar bos hare, Bet gryp vervaard na haar voorskootband, en Jaaitjie kyk verlaas in die luttel spieëltjie op die ou groen koskassie. Maar dit alles het die vreemdelinge—veral die „swart-wit-bors”-man—raakgesien, want hulle is al in die tent en het net vir ou tant Judit klaar gegroet. Die ou swart pak van die man is egter al taamlik oud en verslyt, en sy ou wit hemp kan ook alweer gewas en gestryk word. Dis dan ook glad nie 'n predikant nie en glad ook nie 'n ander watwonderse man nie: hy is maar 'n patathandelaar. 'n Paar maande gelede het hy hom daar in die omgewing doodgesukkel om 'n vrag droë vingerpatatjies vir jaaroud bokkies of skapies verruil te kry. En nou kom hy om die ou veetjies bymekaar te maak—dis sy ou werkie of besigheidjie. Dus glad nie iemand vir wie jy jou hoof dood te skrik of groot omslag voor te maak nie. Maar ou tant Judit en haar drie dogters *het* geskrik. Hulle het vervaard geraak, hulle het gebloos, hulle het rondgedans en hulle werkgoed hot en haar weggeprop, en sien daar nou nog glad verleë uit. En die man sien dat hulle hom vir iemand van groot betekenis aangesien het en miskien nou nog aan-

sien, en nou hou hy hom somar 'n hoë meneertjie. Hy verander nou somar sy spraak en gebruik sulke woordjies as „soggends”, „als het ware”, „nieteenstaande”, „hoe het ook sy”, en sulke Engelse woordjies as „of course”, „because” en „call”. Arme man, hy is nou glad verspot. En dis baie jammer dat die waardige ou tant Judit en haar gawe dogters vir so 'n nikswerd nulletjie uit hulle natuurlike toestand geraak het.

Nou 'n geval hoe ons ooms kan skrik. Ou oom dik Kobus Harnuter van Onderstekleinkransfontein, het by die ou smous so af en toe 'n klein skuldjie gemaak. Ou Dembobski het gesê: „Das nieks, dat hoef nie nou gabatal toe word nie.”

Oom Kobus is dus doodgerus. Maar 'n paar maande later verkoop oom Kobus sy wol; en toe gaan hy darem maar met ou Dembobski afreken. Oom Kobus is 'n sekuur man, en hy is heeltewel seker van die totale sommetjie wat hy moet betaal. Maar ná die ou smous hierdie bedraggie ontvang het, sê hy: „Daar is darem nog so 'n kleinigheidjie.” En op navraag blyk dit dat die kleinigheidjie nog 'n hele paar pond geld is wat oom Kobus moet betaal. Maar toe om Kobus wou stry, sê ou Dembobski net: „Oubaas kan koem kyk ien maai grootboek.” En toe skrik oom Kobus so groot vir die ou grootboek dat hy somar betaal, hoewel hy tog oortuig was dat die ou smous hom gruwelik besteel.

Nog erger het dit met oom Fransie Akskinabel gegaan. Hierdie ou Akskinabel spog heeldag dat hy kamtig vir geen kleintjie vervaard word nie, „want dis mos akskinabel,” sê die ou—vandaar sy naam. Tog kry hy eendag 'n rekening waarop onderaan in potlood geskryf was: „As u nie

hierdie bedrag kom betaal nie, sal ons u dagvaar." En net hierdie woordjie „dagvaar” was genoeg om hom sy eetlus te ontnem en doodsiek bed-toe te ja. En dit het die handelaars wat hom die rekening gestuur het, vooruit geweet: hulle ken hom te goed. Daarom het boaan op die rekening ook net gestaan: „Aan goederen—£87 19s. 11d.” En dan onderaan die gevaarlike kopskootwoordjie wat vir ou Akskinabel, lam van skrik, onder die kombes laat inkruip het.

„Eis eers 'n ten volle gespesifiseerde rekening, want ons is almal getuie dat jy nie vir soveel geld goed gekoop het nie,” sê iemand. Maar nee, ou Akskinabel se seun moet tog maar liever vir ou Dennie opsaal en gou ja om in vredesnaam liever daardie hele som, hoe vals ook al, te betaal—anders kan daar groot moeilikheid kom; daar staan reeds van dagvaar op die rekening—hoe kan 'n mens dan nou nog uitstel?

So redeneer die ou oom nou. Hom nou van hierdie standpunt afkry, is min—hy het darem ook te groot geskrik. En daar is baie meer sulke ooms wat al vir hulle groot opoffering moes getroos het en baie skade gely het uit vrees vir die smous se grootboek en die woordjie „dagvaar”. Maar dis nie al nie. Hulle skrik vir byna alles wat buitekant hulle sfeer, hulle eie lewe, kennis en ondervinding val. Ek ken 'n ou oom wat selfs nie sy twee vetste skaaphamels wat so die een ná die ander op baie geheimsinnige wyse weggeraak het, wou gaan soek nie: Daar bestaan die waarskynlikheid dat hy die plek sal kry waar niemand anders as sy eie wagter die twee hamels geslag het nie; dan kan hy hom vererg en die skepsel 'n goeie loesing gee, met die gevolg dat die wag-

ter hom kan gaan verklae. Om self eerste te gaan kla, sien hy ook nie kans nie, want hy voel tog te skrikkerig vir die wet. Tussen hakies net dit: Hierdie gevalletjies, net soos die ander, is nie uit die lug gegryp nie. Gelukkig is hierdie oom se soort darem taamlik min. Maar 'n uitsondering is hy ook glad nie: hy het sy maters.

Nog iets. Party ooms skrik al as jy vir hulle durf „mister” of „meneer” noem, en dan geraak hulle in die uiterste beleefdheid teenoor jou wat glad nie hulle meerdere is nie. Oom Hans Petoors en sy soort is maar suinige mense—nie dat hulle nie gasvry is nie: dis 'n deug van alle Boesmanlanders. Maar hulle meen darem dat 'n mens brandsiekinspekteurs, smouse, poliesie-agente, oskopers, hondebelaastinginvorderaars, ens., 'n billike losiesgeldjie kan laat betaal, veral as hulle langer as noodsaaklik op jou nek gelê het. So meen hulle, ja; maar as hierdie heertjies hulle ook eers met 'n welluidende „meneer” en „mister” skrikgemaak het, is die saak daarmee afgehandel. Dit het al gebeur dat die ou smous 'n baie mooi, groot, plat beesbiltong present gekry het ná hy aan die een of ander huisgesin 'n boel negosiegoed vir ver bo die waarde verkoop het. Maar hy sê dan tog ook so mooi „miester” en „miesies” dat jy versigtig en skrikkerig voel om hom tog nie teleur te stel of hom te laat dink dat jy nie die waarde van hierdie twee *hoë* woorde besef nie.

En nou kom ons by die jongkêrels. Kom ons vat eers vir Klein Stiljan. Dit was Nagmaal op die dorp N.; en hy is ook daar. Sy ma sê vir hom: „Loop koop tog vir my 'n ou handspieël-tjie.” Hy spring dan ook somar weg, maar dees-

J

keer na die enigste winkel waarin hy nog nie vantevore gewees het nie. Sy pa sê mos altyd vir hom: „My kind, ondersoek alle dinge, maar behou die goeie.” Hy sal dan nou meteens die onbekende winkel gaan bekyk. Moedig stap hy ook die wye winkel deur in, en storm somar op ’n kêreltjie af wat daar agter ’n ou dwars toonbankie staan en rondloer, want hy sal nou maar eers die spieëltjie koop en dan op sy dooie gemak die hele affêre deurkyk.

„Hierso, het jy spieëls—handspieëltjies?” vra hy.

Tot sy grootste verwondering antwoord die kêreltjie glad nie, maar bekyk hom eers van kop tot toon, en sê toe met ’n baie snaakse laggie: „Ek is ook ’n klant.”

Stiljantjie skrik. Hy het glad niks verstaan nie.

„Hoe sê?” vra hy kortaf, maar baie versigtig.

Die mannetjie buie vooroor en skree in sy gesig: „Ek . . . is ook . . . ’n klant!”

Maar Stiljantjie het glad te groot geskrik. Hy het nou eenmaal van stryk geraak en kan niks verstaan nie. Een van die winkeliers kom al met ’n dame uit ’n hoedekamer; maar Stiljantjie sien hom nie eens raak nie, want hy het al na sy hoed gegryp en die deur uitgevlieg. En voor die winkel deur loop hy so ampertjies ’n ander winkelier wat velle afgeweeg het, onderstebo. Maar gelukkig stuit die man tog betyds en ontduik die voortvlieënde Stiljantjie net so skramsies. Gelukkig, sê ek, anders sou daar ’n botsing gewees het wat vir Stiljantjie so die bewerasie op die lyf sou geja het dat hy glad nie by ’n ander winkel ooit sonder vrees en bewing sou ingestap het nie,

'n Ander geval. Joos Lekkerdraai is net 'n astant jongkêrel. Hy het al baie dingetjies gewaag—, „maar dit moet net nie uit my gewoonte gaan nie,“ sê hy egter self. En toe hy op die groot vandiesie van ou ryk Johannes Bossieskolk kom, en daar onverwags drie mooi niggies van hom, gearmd met drie ander mooi nooiens, na hom toe sien stap, toe was dit al so half „buitekant sy gewoonte“. Maar hy skep moed en draf sy niggies by en begin hulle te „soengroet“, soos dit mos hoort. Een van die niggies was 'n ondeunde plaaggees. Onder die groet raak sy so wonderlik aan glimlag dat dit somar vir Joos Lekkerdraai voel of hy 'n fout begaan het of dat daar miskien iets belaglik aan hom is. En toe was dit dat hy so „uit sy gewoonte“ raak dat hy, sonder te weet wat hy doen, en in die grootste verleentheid, somar al die meisies, die drie vreemdes inkluis, naderruk en soen! Hy hoor hoe al sy niggies uitskater, hy sien hoe die vreemde nooiens kleur op kleur kry, en hy voel aan sy lyf dat daar nou 'n vreeslike ding aan gebeur is; maar dit kan hy nie verhelp nie. Die skrik het hom alle selfbeheersing ontnem. Hoe hy eindelijk van die ses nooiens af weggekom het, kan hy nie sê nie, maar hy gaan sit eenkant op 'n ou bakkar en loer versigtig rond soos 'n hond wat vet gesteel het.

Nog 'n gevalletjie. Hans Jonsie woon diep in die hart van Boesmanland. (En die hart is groot, en daar woon nog meer sulke Jonsies.) En daar Hans Jonsie so diep woon, is dit te begryp dat hy nie aldag met 'n manel of 'n pluiskeil in aanraking kom nie, wat nog te sê met mense wat vir

jou somarso reg in die „bakkies” kyk en somarso prontuit groet: „Goeienmôre, goeienmôre!”

Sulke dingetjies behoort nie in Hans Jonsie se omgewing nie. Hy sê: „Ek is net ’n man vir skaap en bok, en ek hou my van Janewá-rie tot Janewá-rie by my vee.”

Maar op ’n goeie môre kom daar onverwags op sy veewerf ’n ou lang, swart motor met twee dominees, ’n ouderling en ’n ou Kaffer al toeterende aangestorm. En toe Hans Jonsie vir hom kom kry, lig elkeen sy hoed of sy keil, en dit klink uit: „Goeienmôre, goeienmôre!”

Haastig volg Jonsie hierdie voorbeeld, ruk sy ou paprand glad weg van sy kop en skree half vervaard vorentoe en agtertoe: „Goeienmôre, goeienmôre!”

En net toe hy begin dink dat hy tog nou deur die moeilike seremonies van groetery is, skree weer iemand van die anderkant: „Ha . . . môre, Baas!” Dit was darem nou te veel vir Jonsie se senuwees, en, heeltemal in ’n verwarring, ruk hy weer sy ou paprand af asof hy hom nou wil weggooi, en skree: „Maar, môre, môre, dan!”

Die ou Kaffer skrik nou ook en voel regtig skaam.

Daarom—ons kan nie stry nie: Ons skrik darem maar dikwels te gou. En wat ek graag nog ’n slag ook wou gesê het: Ons jok te maklik. Ons is baie goeie mense—ja, sê nou maar beter as ander; maar dis darem twee lelike, groot euwel-tjies in ons.

XI

'N BOESMANLANDSE SAMESPRAKIE.

„Soufie, weet jy, jy is vandag my vrou, maar ek verstaan jou glad nie: Hoe donkerder ons toekoms word en hoe meer ons verarm, hoe meer klae en kerm jy. Die droogte hou aan; ons veetjies vrek op; jy bly aan klae en murmureer. Ons skuld al vir mister Samuel Rum £51 19s., en ons skuld al vir mister Lierman Oploop £250 19s. 11d., en ons skuld al vir mister Omri Kommissie vier skelling en 'n oortjie, wat ons ook nie meer kan betaal nie; en tog hou jy nog aan met 'n sonder-end gemor. So dus, Soufie, ek sê ek verstaan jou nie.

„Ons is al so ongelukkig dat selfs ons ou bakseltjie brood rou, suur en neergeslaan uit ons oond uitkom; ons stap al so bontgelap soos skilpad-doppe; ons raak al van armoede glad uit die tel by al ons bure; en tog hou jy maar nou een streek aan met jou gejammer en geweeklag. En daarom, Soufie, ek verstaan jou nie.

„Ek het jou vertel wat Bouel Poubaas gesê het, maar dit help ook nie. En tog was Bouel Poubaas reg. Hy het vir my gesê, en ek het weer vir jou gesê dat hy gesê het: „Krakertjie, jong, hou maar moed en leef op hoop, want 'n ding kom darem maar nooit so moeilik as wat jy jou dit voorstel nie.' Dis wat Bouel Poubaas gesê het; en ek het jou nou al 'n honderdmaal gesê dat hy dit gesê het. En dis tog vir ons die beste ook om